

NUUSBRIEF: OKTOBER 2024

VOORSITTERSWOORD: 2, 3 OF 4 POTTE?

Die President het op 21 Julie 2024 die Pensioenfonds se Wysigingswetsontwerp as wet onderteken. Die wet het op 1 September 2024 in werking getree. Dit beteken dat die sogenaamde tweepotstelsel nou amptelik is. Elke lid van die pensioenfonds het nou 'n spaarkomponent ('n spaarpot), 'n aftreekomponent ('n aftreepot) en 'n gevestigde komponent ('n oupot).

In hierdie nuusbrieff word nog veel meer oor die tweepotstelsel geskryf. In onlangse nuusberigte in koerante en sosiale media, word daar melding gemaak van die groot bedrae wat reeds in die loop van September 2024 onttrek is. Of almal die stelsel verstaan en die voor- en nadele van bepaalde keuses wat gemaak word, begryp, is 'n ope vraag.

Die nadenke oor die tweepotstelsel het 'n interessante uitwerking op my gehad. Toe ons kinders nog klein was, het ons elke aand vir hulle verhale uit die Bybel gelees. Soms het ons net die Bybel gelees, maar soms het ons gebruik gemaak van ander boeke wat die Bybelse verhale probeer verduidelik het.

Die tweepotstelsel het my aan een van die verhale in die ander boeke oor die Bybel-verhaal laat dink. Daar word in die ander boek verwys na Josef in Egipte en die rol wat hy gespeel het in die administrasie van die farao tydens die sewe goeie jare (Genesis 41 vers 47 en verder).

In die verhaal word vertel van 'n gesprek tussen 'n muis en Josef in die stoor waar al die koring vir die sewe moeilike jare wat voorlê, geberg word.

Die klimaks van die storie setel in 'n vraag wat die muis aan Josef stel. Hy vra vir Josef of daar genoeg kos is vir hom, wat 'n muis is, vir die moeilike jare wat voorlê. Josef is natuurlik uit die veld geslaan. Daar is meer as genoeg vir die muis vir solank hy dalk nog sal lewe en daarna!

Tydens 'n aanddiens, in die gemeente waar ek gewerk het, was daar geleentheid vir gebede. Prof Willie Jonker het onder andere ook in gebed voorgedaan en gebid: “**Here, U is die bron van alle lewe!**”

Dit het my baie diep getref en ek het vir jare daarna aan hierdie betrokke frase van prof Jonker gedink. Ek het gewonder of die woorde uit sy eie denke en belewenis gekom het en of hy dalk gedink het aan Artikel 1 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat na God verwys as “**die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is**”?

Dalk het hy gedink aan Psalm 36 vers 10 wat sê: “**Ja, by U is die fontein van die lewe, in U lig sien ons die lig**”? Die klem op **die genade alleen** in sy skryfwerk en prediking, laat by my geen twyfel nie dat hy oortuig was van die onverdiende, oorvloedige en onvoorwaardelike genade van God waaraan ons as mense en die hele skepping deel het – elke dag van ons lewe!

Dit is belangrik dat ons 'n oupot en 'n aftreepot en 'n spaarpot het. Dit is egter nog belangriker dat ons beseft dat ons in Christus toegang het tot die Bron van alle lewe! Ons ontvang uit hierdie Bron genade op genade sonder enige bydrae van ons kant af en sonder dat ons dit verdien.

Die ander drie bronne (potte) kan bydra tot ons lewe, maar die vierde Bron is ons lewe. Deur Hom leef ons, beweeg ons en is ons! Mag ons die ander drie potte beleef as deel van die genade wat uit God vloei en mag ons, uit diepe dankbaarheid en erkentlikheid, kanale van hierdie genade wees teenoor ander wat dalk geen pot het nie!



Opsies by aftrede

Een van die vrae wat die Hoofbeampte die meeste moet antwoord, is die vraag oor die opsies by aftrede. Predikante maak vir ongeveer 40 jaar lank bydraes tot die Predikante Pensioenfonds, maar is nie altyd seker wat by aftrede gebeur nie. Lede wat vroeg reeds 'n duidelike prentjie van hulle keuses by aftrede het, kan beter en ingeligte besluite oor hulle beleggingskeuses, bydraevlakke en addisionele bydraes of alternatiewe spaarprodukte neem.

Hierdie artikel poog om lede van die Predikante Pensioenfonds te help met inligting oor die Fonds en watter besluite geneem moet word: voor, by en ná aftrede. Die eerste afdeling handel oor die talle keuses wat 'n lid het.



1. AFTREDE KEUSES

1

Die eerste keuse is uiteraard om te besluit **WANNEER** om af te tree. Let op dat “aftree” uit die Pensioenfonds en “emeritaat” nie dieselfde is nie.

Die NG Kerk bepaal dat predikante op ouderdom 65 moet emeriteer. Die kerkraad kan besluit om die emeritaat met 'n verdere ses maande uit te stel.

Die predikant kan ook 'n vastetermynpos in dieselfde gemeente kry en met sy of haar pensioenbydraes tot op ouderdom 70 aangaan – mits die diens ononderbroke is. Die lid kan ook voor ouderdom 65 aftree (vanaf ouderdom 55). Daar is nie “boetes” vir vroeë aftrede nie. 'n Vroeë aftrede beteken wel dat die lid minder kan bydra en korter groei beleef en dus met 'n kleiner fondswaarde vir meer jare voorsiening moet maak. Die aftreedatum het gewoonlik ook 'n invloed op 'n lid se beleggingskeuse. Lede kan kies tussen die langtermyn-, konserwatiewe- of inkomstebeskerming-portefeulje of 'n kombinasie hiervan.

2

Die tweede keuse lê tussen **UITSTEL** of **PENSIOEN**. Uitstel beteken die lid tree af en staak verdere bydraes tot die Fonds, maar los sy of haar fondswaarde eers net so in die Pensioenfonds tot later. Dit groei presies volgens die portefeuljes se opbrengs soos wat die lid gekies het (Sien bladsy 13 vir die opbrengsverskille). Die verskillende portefeuljes se opbrengste en die feiteblaai kan ook op die pensioenfonds se webwerf nagegaan word. Opbrengste word maandeliks opdateer. Die maandelikse koste vir opbetaalde lede is vanaf 1 Januarie 2024 slegs **R202,86** per lid per maand.

3

Indien die lid nie sy of haar aftrede wil uitstel nie, maar 'n pensioen wil koop, is daar talle keuses wat die lid moet maak. Die eerste en belangrikste keuse is die bedrag wat die lid in **KONTANT** wil neem. 'n Lid kan by aftrede tot 'n derde van sy of haar fondswaarde in kontant neem. Indien die lid se fondswaarde by aftrede minder as R247 500 is, kan die lid egter die volle bedrag in kontant neem. Hierdie kontant by aftrede word teen 'n spesiale koers belas. Die eerste R550 000 is een maal in 'n lid se leeftyd belastingvry. Dit maak normaalweg sin om van hierdie belastingvergunning gebruik te maak. Dit verminder egter die bedrag wat beskikbaar is om 'n pensioen mee te koop.

Lede word aangeraai om hierdie saak deeglik te oorweeg, desverkiekend met 'n kundige geakkrediteerde finansiële adviseur se raad. Bladsy 3 het die kontakbesonderhede van finansiële adviseurs met wie die Fonds 'n fooi-ooreenkoms het.

Met die res van die lid se fondswaarde (nadat die kontant geneem is) moet die lid 'n **GEWAARBORGDE PENSIOEN** (lewenspensioen of in Engels 'n “*life annuity*”) of 'n **LEWENDE ANNUÏTEIT** (lewende pensioen of in Engels 'n “*living annuity*”) of 'n **KOMBINASIE** van die twee koop.

4

Indien die lid besluit om 'n gewaarborgde pensioen te koop, moet die lid dit by 'n **VERSEKERAAR** buite die Predikante Pensioenfonds koop. Die lid moet dus 'n betroubare versekeraar soek. Sien bladsy 3 en 5 vir Alexforbes en Sanlam se spesiale tariewe vir die Fonds.

'n Lewende annuïteit kan **IN OF BUITE DIE FONDS** aangekoop word. Die Fonds het ooreenkomste met spesifieke finansiële adviseurs en versekeraars soos verder op bladsy 5 verduidelik word.



2. FINANSIËLE ADVIES

Dit word sterk aanbeveel dat 'n lid wat wil aftree reeds voor aftrede 'n goeie gesprek met 'n finansiële adviseur sal hê. Dit is nie verpligtend om 'n finansiële adviseur te spreek nie, maar dit word baie sterk aanbeveel.

Die Predikante Pensioenfonds het met twee finansiële adviseurs 'n **vaste fooi** vir voor-aftrede sessies beding. Hierdie fooi word uit die lid se fondswaarde betaal, nadat die lid 'n eisvorm geteken het wat bevestig het dat die lid die diens ontvang het. Die advies kom dus nie uit die lid se gewone bankrekening nie, maar uit die lid se fonds-waarde. Geen vaste kontrak word met hierdie finansiële adviseurs geteken nie. 'n Lid mag steeds by aftrede besluit om 'n ander finansiële adviseur te gebruik.

Ondergenoemde fooi vir voor-aftrede sessies is nie per kontak nie, maar eenmalig. Die twee adviseurs is (alfabeties):

alexforbes
insight • advice • impact

ESTIAN VISAGIE

Alexforbes se voor-aftrede fooi is

R8 625 (BTW ingesluit).

Indien die konsultasies aanlyn geskied, is die eenmalige fooi **R5 750** (BTW ingesluit).

Sien volledige uiteensetting op die webwerf:

https://ppfkaapkerk.co.za/ppfdoks/PPF5a_23.pdf

021 809 3699 of 071 878 6664

visagiee@alexforbes.com

FinPrufe Wealth
BlueStar
authorised by  **Sanlam**

GEORGE DE KOCK

Sanlam se voor-aftrede fooi is

R5 000 (BTW ingesluit).

Sien volledige uiteensetting op die webwerf:

https://ppfkaapkerk.co.za/ppfdoks/PPF5b_23.pdf

021 880 6636 of 082 460 3278

george@finprufe.co.za

3. GEWAARBORGDE PENSIOEN

'n Gewaarborgde pensioen **moet** by 'n versekeraar soos Alexforbes, Sanlam, Ou Mutual of Momentum aangekoop word (daar is nog talle ander). Die Predikante Pensioenfonds bied nie self 'n gewaarborgde pensioen nie. Die lid moet dus voor aftrede sy keuse met 'n versekeraar bespreek en 'n kwotasie kry.

'n Gewaarborgde pensioen verskaf by aanvang gewoonlik 'n groter pensioen as 'n lewende annuïteit (teen die aanbevole onttrekkingskoers), maar die dag as die lid te sterwe kom, is daar niks wat na die lid se boedel of naasbestaandes gaan nie. Die versekeraar hou alles.

Daar is wel opsies om die lewensmaat in te sluit of om die pensioen vir 'n aantal jaar te waarborg (selfs al het die lid gesterf) – maar elkeen van hierdie opsies maak die maandelikse pensioen wat aangebied word, so 'n bietjie kleiner. Sien 'n voorbeeld in die tabel op bladsy 4). Die lid kan self 'n versekeraar kies en direk met die versekeraar onderhandel. Die lid kan ook die dienste van 'n finansiële adviseur benut om vir die lid 'n paar kwotasies te kry.

DAAR IS 'N MAGDOM KEUSES

- Moet die pensioen gewaarborg word – en indien wel vir hoe lank?
- Moet die pensioen voortgaan om 'n pensioen aan 'n gade te betaal na die lid se sterwe? En indien wel, hoeveel van die oorspronklike pensioen moet dit wees (100%, 75%, 50%)?
- Moet die pensioen jaarliks verhoog word en indien wel met hoeveel persent (3%, 5%, werklike inflasiekoers)?
- Wil die pensioentrekker eerder in beleggingsopbrengs (wins) van die maatskappy deel?



'n Gewaarborgde pensioen is 'n eenmalige lewenslange keuse en kan nie later verander word nie.

Die finansiële adviseur kan aan die lid 'n tabel gee met hoe die pensioen ten opsigte van elkeen van hierdie keuses sal verander.

Lede kan ook self na **AF Connect** (Alexforbes se webwerf vir lede) gaan en by “Tools” na intydse berekeninge volgens die lid se spesifieke keuses kyk.

Elke lid se omstandighede sal uiteindelik bepaal wat die mees geskikte kombinasie van keuses behoort te wees. Hierdie gesprek en berekening is uiters belangrik, want 'n gewaarborgde pensioen kan nooit weer verander word nie.

Versekerars se koerse wissel baie gereeld. In 'n poging om vir lede 'n voorbeeld te gee van wat beskikbaar is, moes onderstaande tabel gereeld gewysig word. Neem dus in ag dat die tabel opgestel is met inligting vanaf AF Connect soos dit op 1 Oktober 2024 aangepas is.

Koerse is tans aan die daal. Versekerars se kwotasies is nou heelwat minder as voorheen. Nico van Gijzen se “Raad met jou rande”, bladsy 52 van Sondag 6 Oktober 2024 se Rapport, gee byvoorbeeld groter bedrae omdat hy van September 2024 kwotasies gebruik gemaak het. Die kwotasie op 'n gelyklopende enkellewe pensioen met 'n tienjaar waarborg is tans R7 980 minder (per maand) as 'n kwotasie wat in Junie 2024 verkry is. Kry dus baie beslis 'n vars kwotasie voor 'n finale besluit geneem word!

In onderstaande tabel word 'n kwotasie gegee vir 'n man wat 65 jaar oud is en wat R5 miljoen oor het, nadat hy 'n kontant gedeelte geneem het. Dit kan dus iemand wees wat R7,5 miljoen gehad het en R2,5 miljoen (een-derde) kontant onttrek het, of iemand met R5,55 miljoen wat net R550 000 kontant geneem het.

Die randwaarde in die tabel is die maandelikse pensioen voor enige aftrekkings vir medies of inkomstebelasting. **Die lid se keuses bepaal dus hoeveel pensioen die lid maandeliks gaan kry:** Dit kan **R50 867** per maand wees of **R26 768** – 'n yslike verskil van R24 099 per maand. Finansiële adviseurs kan met veel meer voorstelle kom en allerlei projeksies maak. **Dit is gevolglik uiters belangrik dat 'n lid 'n goed ingeligte besluit neem aangesien 'n gewaarborgde pensioen 'n eenmalige lewenslange keuse is.**

Lede vra dikwels: hoeveel gaan my pensioen wees? Die antwoord hang van die lid se keuses af.

Voorbeeld vir 'n man, 65 jaar oud, met R5 miljoen netto soos op 1 Oktober 2024	Geen waarborg termyn	Waarborg vir 10 jaar	Waarborg vir 10 jaar
	Enkellewe	Enkellewe	75% vir gade
Vaste pensioen (verhoog nooit nie)	R50 867	R47 095	R43 412
Pensioen verhoog elke jaar met 5%	R35 769	R33 593	R28 232
Werklike inflasie gekoppelde verhogings	R34 588	R32 290	R26 768

Bogenoemde bedrae is die bruto pensioen. Maak seker dat die belasting ook in ag geneem word. Belasting op die R50 867, teen huidige koerse, sal vir 'n lid wat 65 jaar of ouer is, byna 20% beloop (R10 099,76 per maand) – dit is sonder om enige ander inkomstebronne of beleggingsinkomste in ag te neem. Dit is nadat slegs die primêre en sekondêre rabat én mediese krediete vir twee lede in berekening gebring is. Die netto pensioen (nadat belasting afgetrek is) is dan net R40 767,24.

SPESIALE TARIIEWE

Die Predikante Pensioenfonds het met Alexforbes en Sanlam Korporatief 'n ooreenkoms gesluit vir 'n gewaarborgde pensioen teen uiters billike tariewe.



Alexforbes (Estian Visagie) vra 'n vaste fooi (ongeaag die fondswaarde) van **R8 625** (BTW ingesluit).



Sanlam FinPrufe (George de Kock) vra **1,5%** van die lid se fondswaarde vir die aankoop van 'n gewaarborgde pensioen. 'n Maksimum fooi van **R28 750** (BTW ingesluit) is beding.

Lede hoef nie hulle pensioen by hierdie finansiële adviseurs te koop nie. Kry gerus kwotasies van ander betroubare versekeraars. Selfs indien 'n lid uiteindelik van sy of haar eie finansiële adviseur by 'n ander maatskappy gebruik wil maak, sal dit goed wees om 'n vergelykende kwotasie by een van bogenoemde finansiële adviseurs aan te vra – of maak gebruik van die Fonds se **beskermingsdiens** (sien bladsy 15).

4. LEWENDE ANNUÏTEIT



Met 'n **lewende annuïteit** is die volle fondswaarde die lid s'n. Die lid bly in beheer van sy fondswaarde en kan altyd later kies om 'n gewaarborgde pensioen te koop.

Die lewende annuïteit is 'n goeie keuse vir 'n lid wat na aftrede nog 'n ruk lank 'n ander inkomste gaan hê en dit kan bekostig om aanvanklik 'n lae onttrekkingskoers te kies (byvoorbeeld 2,5%). Die lid se fondswaarde groei dan vir die volgende klompie jare. Die Fonds se langtermyn-portefeulje het oor die afgelope jaar (1 Oktober 2023 tot 30 September 2024 met **19,79%** gegroei). Die lid kan dan op ouderdom 70 (wanneer die addisionele inkomste staak) weer kies of die lewende annuïteit of 'n gewaarborgde pensioen die beste opsie is. Hoe ouer 'n lid is, hoe beter is die koerse vir 'n gewaarborgde pensioen. 'n Lewende annuïteit is ook geskik vir 'n lid wat bietjie meer in beheer van sy of haar fondswaarde wil wees. Met 'n lewende annuïteit het 'n lid **beleggingskeuses** – en kan dit enige tyd verander – en die lid kan jaarliks die **onttrekkingskoers** wysig.

Die waarde van 'n maandelikse pensioen by 'n lewende annuïteit kan maklik self bereken word. Neem die fondswaarde en vermenigvuldig dit met die gekose onttrekkingskoers (byvoorbeeld 5%) en deel dit dan deur 12. Dit is die bruto maandelikse betaling. Die volgende tabel wys die inkomste wat 'n lid uit 'n lewende annuïteit kan kry wat met onderskeidelik R5 miljoen of R6 miljoen gekoop is (dit is dus nadat die lid 'n gedeelte in kontant onttrek het).

Die lid besluit hoe die geld belê moet word en die lid kan jaarliks kies om **tussen 2,5% en 17,5%** van sy of haar fondswaarde as pensioen te trek. Die tabel wys net die matige onttrekkingskoerse van 4,5% tot 6,5%.

Die Predikante Pensioenfonds bied 'n **IFLA (in-fonds lewende annuïteit)**. Dit beteken die lid se fondswaarde bly in die Predikante Pensioenfonds en kommunikasie is direk met die Predikante Pensioenfonds. Die voordeel van die Fonds se IFLA is die **lae koste**. Daar is geen kommissie of fooie aan tussengangers betaalbaar nie. Volledige besonderhede is in afsonderlike dokumente op die Fonds se webwerf beskikbaar.

Sien <https://www.ppfkaapkerk.co.za/ifla/>

		Fondswaarde	
		5 000 000	6 000 000
Onttrekkings- koers	4,5%	18 750	22 500
	5,0%	20 833	25 000
	5,5%	22 917	27 500
	6,0%	25 000	30 000
	6,5%	27 083	32 500

'n Lewende annuïteit kan ook by ander finansiële instellings gekoop word. Die PPF het groothandel tariewe met spesifiek Alexforbes en Sanlam beding. Sien <https://www.ppfkaapkerk.co.za/opsies/> Hierdie finansiële instellings bied gewoonlik veel meer beleggingskeuses as die Predikante Pensioenfonds se drie portefeuljes. Die keuse tussen ander instansies se magdom beleggingskeuses verg noodwendig die raad van 'n finansiële adviseur, wat dan weer die koste nog verder kan opjaag.

- Alexforbes – https://ppfkaapkerk.co.za/ppfdoks/AFRIS_MB_RA.pdf
- Sanlam – https://ppfkaapkerk.co.za/ppfdoks/LA_Sanlam.pdf

Die verskil tussen die bedrag wat 'n lid uit die belegging onttrek en die opbrengs op die belegging word herbelê sodat die beleggingsportefeulje kan aanhou groei. Hoe minder die lid dus elke jaar onttrek, hoe groter word die lid se beleggingsportefeulje.

Die gevaar is dat 'n lid te veel trek en op sy of haar ou dag te min geld het. Onthou egter dat die lid jaarliks die onttrekkingskoers gratis kan verander.

Indien 'n IFLA-lid sterf, sal sy of haar volle fondswaarde op die datum van die sterwe **oorgedra word na die lid se gade**. Die gade het nie die opsie om 'n gedeelte of die volle balans in kontant te neem nie, behalwe as die balans minder as die *de minimus* bedrag is (tans R247 500). Indien daar nie 'n kwalifiserende gade is nie, sal die bepaling van Artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse geld. In terme van hierdie wetgewing sal die trustees 'n ondersoek van die finansiële afhanklikheid van familieledes en ander persone doen en 'n verdeling maak in terme van die resultaat van hulle ondersoek. Hierdie verdeling sal nie noodwendig altyd die lid se wense soos uiteengesit in die nominasievorm volg nie, maar die Beheerliggaam sal daardie wense in ag neem in hulle verdeling. Die begunstigdes wat deur die Beheerliggaam geïdentifiseer is en 'n verdeling ontvang sal die keuse hê om die allokasies as 'n IFLA te ontvang, ten volle in kontant te neem of 'n pensioenprodukt buite die fonds aan te koop of 'n gedeelte in IFLA te los en die balans in kontant te neem of aan te wend tot 'n pensioenprodukt buite die fonds.

'n Lewende annuïteit kan altyd later in 'n gewaarborgde pensioen omskep word. Hou ouer 'n lid is, hoe groter is die pensioen wat aangekoop kan word.

GEWAARBORGDE PENSIEN

VOORDELE

- Koste (eenmalig)
- Lewenslank gewaarborg
- Aanvanklik moontlik meer as 'n lewende annuïteit teen die riglyn onttrekkingskoers
- Geen jaarlikse beleggingskeuses

NADELE

- Kan nooit weer verander nie
- 'n Hoë inflasie tydperk kan die vaste pensioen erg verwater

LEWENDE ANNUÏTEIT

VOORDELE

- Kan altyd later 'n gewaarborgde pensioen koop.
- Jaarlikse keuse van onttrekkingskoers (kan inkomste bepaal)
- Keuse van beleggingsportefeuljes
- Nalatenskap

NADELE

- Moet jaarliks keuses maak oor die onttrekkingskoers en beleggingsportefeuljes.
- Risiko dat die fondswaarde te min kan raak.

KOMBINASIE VAN GEWAARBORGDE PENSIEN EN 'N LEWENDE ANNUÏTEIT

Predikante moes tradisioneel 'n keuse tussen 'n **lewende annuïteit** of 'n **gewaarborgde pensioen** maak. Sommige predikante het egter 'n behoefte om 'n kombinasie van albei te neem. Die PPF het ooreenkomste met Alexforbes en Sanlam Korporatief gesluit, sodat annuïteitsprodukte (wat ook produkte wat 'n gewaarborgde komponent insluit) aan PPF-lede gebied kan word **teen groothandel tariewe**.

Hierdie produkte dien slegs as 'n verdere opsie wat aan PPF-lede in die eksterne mark beskikbaar is en vorm nie deel van die PPF se annuïteitstrategie nie. Kontak die finansiële adviseurs soos op bladsy 3 genoem.



4. KOSTE

Die koste van 'n aftreeproduk maak 'n groot verskil oor die verloop van tyd. 'n Lid wat met R10 miljoen 'n lewende annuïteit by 'n eksterne maatskappy koop wie se koste net 1% meer as die van die PPF is, sal na tien jaar reeds ongeveer R1 miljoen meer aan koste betaal het as by die Predikante Pensioenfonds. Lede word dus, weer eens, aangemoedig om hulle deeglik te vergewis van die koste betrokke by eksterne produkte en dit met die Predikante Pensioenfonds se koste te vergelyk. Die **Beskermingsdiens** sal die lid ook help om die koste-implicasie te verstaan.

ADMINISTRASIEKOSTE

Koste word gewoonlik as 'n persentasie van 'n lid se fondswaarde aangedui. By die Predikante Pensioenfonds is die vaste koste vir die IFLA egter 'n vaste bedrag. Die lid sal dus self die som moet maak of die tabel moet raadpleeg vir 'n benaderde koste.

Die huidige administrasiekoste vir 'n IFLA-lid is **R206,07** per maand (BTW ingesluit). Dit is R2 472,84 per jaar. Die koste moet as 'n persentasie van die lid se fondswaarde uitgedruk word om met ander produkte te kan vergelyk. R2 472,84 is slegs 0,041% van 'n lid se fondswaarde as die lid R6 miljoen het.

Fondswaarde	Koste as %
4 000 000,00	0,062%
5 000 000,00	0,049%
6 000 000,00	0,041%
7 000 000,00	0,035%
8 000 000,00	0,031%

BELEGGINGSKOSTE

Beleggingsopbrengs word netto van fooie aangetoon. As die webwerf dus aantoon dat die langtermyn portefeulje in September 2024 'n opbrengs van 1,68% vir die maand gehad het, is die batebestuurders en die beleggingskonsultant se fooie reeds afgetrek. Die presiese koste wissel as gevolg van batebestuurders wat prestasiefooie hef of terugbetaal vir onderprestasie. Die beleggingskoste van die batebestuurders, hulle prestasiefooie (waar van toepassing) en die batekonsultant se koste was op 30 September 2024 as volg (die laaste kolom is die totale koste):

Portefeulje	Batebestuurders	Prestasiefooie	Beleggingskonsultant	Totaal
Langtermyn (LP)	0,41%	0,03%	0,06%	0,500%
Konserwatief (KP)	0,33%	0,02%	0,05%	0,400%
Inkomstebeskerming	0,13%	0,00%	0,05%	0,180%
IFLA (40% LP en 60% KP)	0,36%	0,02%	0,05%	0,434%

TOTALE KOSTE

Die totale koste van die PPF se in-fonds lewende annuïteit (IFLA) moet volgens die lid se werklike fondswaarde en die beleggingsportefeulje waarin die lid belê is, bereken word. 'n Lid met R6 miljoen se administrasiekoste is 0,041% en die beleggingskoste is 0,50% in die langtermyn-portefeulje. Saam dus 0,541%. Indien dieselfde lid se beleggingsportefeulje die verstekopsie van 40% in die langtermyn-portefeulje en 60% in konserwatiewe-portefeulje sou wees, is die lid se totale koste 0,475% (0,041% en 0,434%). Indien hierdie lid (met R6 miljoen) kies om 100% in die inkomstebeskerming-portefeulje te belê is die lid se totale koste net 0,221% (0,041% plus 0,18%).

[LET WEL: Beleggingskoste verskil effens van kwartaal tot kwartaal. Prestasiefooie van batebestuurders is terugwerkend en kan negatief of positief wees. Persentasies word in die teks afgerond. Die totaal kan vanweë hierdie afronding lyk of dit verkeerd optel.]

Hierdie inligting is van 'n algemene aard en het bloot ten doel om die basiese verskille tussen 'n lewende annuïteit en 'n gewaarborgde pensioen te verduidelik en die koste wat betrokke is. Hierdie is geen finansiële advies nie. Geen aanspreeklikheid word vir enige foute, weglating of opinies in hierdie dokument vervaar, aanvaar nie. Inligting soos bekend op 14 Oktober 2024 – Hoofbeampte, PPF

Die Tweepotstelsel

Na baie uitstel het die tweepotstelsel uiteindelik op 1 September 2024 in werking getree. Die Predikante Pensioenfonds se reëls is betyds aangepas om vir hierdie tweepotstelsel voorsiening te maak. Die reëls praat egter nie van “potte” nie, maar van “komponente”. In die omgangstaal is “potte” egter die gebruikelike woord. In hierdie artikel word dan ook van “potte” gepraat.



DIE TWEEPOTSTELSEL SE DOEL

Nasionale Tesourie het twee oogmerke met die tweepotstelsel:

1 Die Tweepotstelsel wil aan die een kant vir lede van pensioenfondse **toegang gee tot 'n klein gedeelte** van lede se fondswaarde terwyl die lede steeds kan aanhou om te werk. Die bedoeling is dat lede in 'n noodgeval geld uit hulle fondswaarde in die pensioenfonds kan onttrek. Lede hoef nie die “noodgeval” te verduidelik of te motiveer nie.

2 Die Tweepotstelsel wil aan die ander kant lede se **fondswaarde beskerm**. In die verlede kon lede wat dringend geld nodig gehad het, by hulle werk bedank het. So het lede dan toegang tot hulle volle fondswaarde gekry. By 'n volgende werk (as 'n volgende werk gevind kon word), moes hierdie lede dan weer van vooraf begin bou aan 'n fondswaarde met die oog op aftrede. Die tweepotstelsel verhoed nou dat lede hulle volle fondswaarde kan onttrek. Lede sal voortaan slegs die geld in die spaarpot kan onttrek. Lede met geld in die gevestigde pot, sal by bedanking steeds geld uit hulle gevestigde pot kan bekom.



EINTLIK DRIE POTTE

Die Tweepotstelsel het op 1 September 2024 in werking getree. Mense wat vir die eerste keer na 1 September 2024 lid van 'n pensioenfonds word, sal net twee potte hê. Dit geld ook vir mense wat voorheen aan 'n pensioenfonds behoort het, maar hulle werk bedank het en hulle volle fondswaarde onttrek het en eers weer na 1 September 2024 by 'n nuwe werk met 'n pensioenfonds aansluit. Huidige lede van pensioenfondse sal egter drie potte hê. Dit beteken dat alle predikante in die Predikante Pensioenfonds drie potte sal hê – behalwe dié proponente wat vir die eerste keer in 'n gemeente bevestig is ná 1 September 2024.

1 Die eerste (en aanvanklik die grootste) pot is die **OUPOPOT**. Die reëls noem dit die “**gevestigde komponent**” (Engels: “*vested pot*”). Die fondswaarde wat die lid tot en met 31 Augustus 2024 in die pensioenfonds opgebou het, bly in hierdie oupot, behalwe die bietjie saadkapitaal wat automaties na die spaarpot oorgeplaas is op 1 September 2024. Al die reëls wat voor 1 September 2024 vir die lid se fondswaarde gegeld het, bly gevestig in die oupot.

- Die oupot bly groei met die opbrengs van die beleggingsportefeuje(s) waarin die oupot belê is.
- Geen nuwe bydraes kan vanaf 1 September 2024 tot die oupot gemaak word nie.
- 'n Lid van 'n pensioenfonds wat ná 1 September 2024 bedank, kan steeds die volle fondswaarde in die oupot tot kontant maak.
- Ten einde die spaarpot aan die gang te kry, is tien persent (10%) van elke lid se fondswaarde tot 'n maksimum van R30 000 as saadkapitaal na die spaarpot oorgedra.
- By aftrede kan 'n lid steeds 'n derde van die fondswaarde in die oupot in kontant neem.

2

Die **AFTREEPOT** (Reëls: “Aftreekomponent”, Engels “*retirement pot*”) is aanvanklik leeg. Die aftreepot ontvang vanaf 1 September 2024 tweederdes (67%) van alle bydraes wat tot die lid se pensioenfonds bygedra word. Dit geld vir beide die werkgewer en die werknemer se bydraes. Dit geld ook vir addisionele bydraes wat ’n lid maak. Tweederdes gaan na die aftreepot en ’n derde gaan na die spaarpot.

- Toegang tot die aftreepot sal slegs met afsterwe of aftrede verkry kan word. ’n Uitsondering hiertoe word tans nog oorweeg, naamlik dat die aftreepot wel toeganklik sal wees as die werkgewer die lid afdank.
- Die aftreepot groei met nuwe bydraes plus die opbrengs van die beleggingsportefeulje(s) waarin die aftreepot belê is.
- By aftrede moet die volle fondswaarde van die aftreepot gebruik word om ’n gewaarborgde pensioen of ’n lewende annuïteit of ’n kombinasie van die twee te koop. Geen gedeelte van die aftreepot mag tot kontant gemaak word nie – behalwe as die totale waarde van al drie die potte saam minder as die voorgeskrewe *de minimis* bedrag (tans R247 500) is. Formeel gestel: die aftreekomponent moet 100% geannuitiseer word.

3

Die derde pot is die **SPAARPOT** (Reëls: spaarkomponent, Engels “*savings pot*”). Sommige beskou dit egter as ’n noodpot. Die spaarpot ontvang vanaf 1 September 2024 ’n derde (33%) van alle bydraes wat tot die lid se pensioenfonds bygedra word. Die spaarpot kry ook op 1 September 2024 saadkapitaal vanaf die oupot. Dit is ’n eenmalige oordrag van tien persent van ’n lid se fondswaarde tot ’n maksimum van R30 000.

- Die spaarpot groei met ’n derde van alle nuwe bydraes vanaf 1 September 2024 plus die opbrengs van die beleggingsportefeulje(s) waarin die spaarpot belê is.
- ’n Lid kan een keer per belastingjaar soveel uit die spaarpot onttrek as wat in die spaarpot is. Die minimum onttrekking is R2 000, maar daar is geen maksimum nie. Die lid kan alles in die spaarpot onttrek.
- Onttrekkings uit die spaarpot word teen die lid se heersende belastingkoers belas.
- Die fonds se administrateur hef ook ’n hanteringsfooi.
- By aftrede is die kontant onttrekking beperk tot dit wat in die spaarpot is, plus een derde van wat in oupot is.

KOSTE

Feitlik al die lede van die Predikante Pensioenfonds het vanaf 1 September 2024 drie fondswaardes. Beleggings-opbrengs en bydraes moet elke maand korrek verdeel word tussen die oupot, die aftreepot en die spaarpot. Vanweë die geweldige vermeerdering van die administrasie van die pensioenfonds, het Alexforbes hulle maandelikse fooi vir aktiewe lede met 8% verhoog. Alexforbes se vaste fooi vir aktiewe lede is vanaf 1 September 2024 met R7,85 (vanaf R98,18 tot R106,03) verhoog. Saam met die ander fooie is elke aktiewe lid van die Predikante Pensioenfonds se maandelikse administrasiefooie nou **R235,26 per maand**, waar dit voorheen R227,41 per maand was. **Die totale administratiewe fooi het dus met net 3,45% vermeerder.**



’n Lid wat geld uit die spaarpot wil onttrek, moet kennis neem van die volgende riglyne:

- ’n Onttrekking kan slegs een keer per belastingjaar gedoen word. ’n Lid kan dus wel een onttrekking in Februarie 2025 (die huidige belastingjaar) doen en dan feitlik dadelik weer in Maart 2025 (die volgende belastingjaar).
- Die minimum bedrag wat onttrek moet word is R2 000 (tweeuisend rand).
- Daar is geen beperking op die maksimum bedrag nie. Die lid kan uiteraard nie meer onttrek as wat in die spaarpot is nie. ’n Lid kan wel alles wat in die spaarpot is, onttrek.

- Die onttrekking sou aanvanklik slegs via Alexforbes AF Connect gedoen kon word. Weens die oorlading van die stelsel, het Alexforbes intussen wel ook 'n papieronttrekking implementeer. Die vorm kan by die pensioenfondskantoor aangevra word.
- Vanweë die belastingimplikasie en ander kontroleringsvereistes moet lede nie verwag dat dit 'n kitsonttrekking sal wees nie. Lede moet aanvaar dat dit maklik 'n maand kan duur – en as daar belastingprobleme is, veel langer.
- Alexforbes se fooi is **2%** van die onttrekkingsbedrag met 'n minimum fooi van R100,00 en 'n maksimum fooi van R600,00. Enige onttrekking tussen R2 000 (die minimum) en R5 000 sal dus 'n R100,00 transaksiefooie bedra. 'n Onttrekkingsfooie van **R600,00** geld vir onttrekkings van R30 000 of meer.
- Die bedrag wat uit die spaarpot onttrek word, word by die lid se belasbare inkomste vir die betrokke belastingjaar gevoeg en word dus teen die lid se toepaslike marginale koers belas.

Dit is beslis nie 'n goeie idee om geld voor aftrede uit die spaarpot te onttrek nie. 'n Berekening vir 'n predikant wat op topskaal vergoed word en 'n behuising-, vervoer en mediese toelaag ontvang, het getoon dat dié lid net **R21 541,84** van die R30 000 sal ontvang. Indien die lid wag tot aftrede, kan 'n volle R550 000 belastingvry en kostevry onttrek word.

Die Fonds is dankbaar dat daar teen einde September slegs ses PPF-lede was wat saam R170 000 onttrek het. Alexander Forbes noem dat hulle in dieselfde tyd 'n totaal van sowat 263 000 eise ter waarde van R4,8 miljard ontvang het. Die belastinglas maak 'n onttrekking 'n baie duur transaksie met 'n permanente negatiewe effek op 'n lid se fondswaarde by aftrede. Die Fonds beseft dat sommige lede moontlik erge finansiële nood kan beleef. Een van die tweepotstelsel se doelwitte is juis om aan so 'n lid uitkoms te bied deur hom of haar toegang te gee tot die spaarpot in hierdie krisistyd. Gebruik dit egter net as 'n laaste hulpmiddel.

NOG VRAE

Die media is vol berigte oor die tweepotstelsel. Die berigte is dikwels verwarrend omdat dit voorsiening moet maak vir allerlei sake wat nie op die Predikante Pensioenfonds van toepassing is nie.

- Die Predikante Pensioenfonds het geen voorsorgfondslede nie. Die spesiale reëls ten opsigte van voorsorgfondslede wat ouer as 55 is, geld dus nie vir die Predikante Pensioenfonds nie.
- Daar is allerlei tegniese bepalings oor huislenings en die tweepotstelsel. Die Predikante Pensioenfonds bied nie huislenings nie.
- Die tweepotstelsel is nie van toepassing op pensioentrekkers of IFLA-lede nie. Dit is slegs van toepassing op aktiewe lede.



PENSIOENFONDSKANTOOR

Predikante van die NG Kerk in die vyf suidelike sinodes (Vrystaat, Noord-, Wes- en Oos-Kaapland en KwaZulu-Natal) behoort aan die Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika (PPF). Die Fonds is 'n losstaande pensioenfonds. Die Fonds maak gebruik van Alexforbes as administrateur. Alexforbes het dan ook 'n platform waarop lede hulle fondswaarde kan nagaan (AF Connect). Alexforbes betaal ook die Fonds se pensioentrekkers en IFLA-lede namens die Fonds. Belastingsertifikate (vir IFLA-lede en pensioentrekkers) word deur Alexforbes uitgereik – maar dit beteken nie dat lede aan Alexforbes se pensioenfonds behoort nie.

Lede van die PPF kan dus die Hoofbeampte of die pensioenfondskantoor (**Elodie van der Walt**) kontak vir navrae oor hulle pensioen. Elodie werk op woensdae in die oggend. Die maklikste om haar te kontak is via e-pos: pensioen@kaapkerk.co.za. Die Hoofbeampte (ds **Bossie Minnaar**) is 'n vryskut hoofbeampte sonder kantoor-ure. Hy werk vanaf sy huis. Hy is enige tyd beskikbaar per selfoon / WhatsApp (083 270 5211) of e-pos: bossie@kaapkerk.co.za.

Buitelandse predikante

Suid-Afrika is in Februarie 2023 op die Internasionale Finansiële Aksie-taakmag (FATF) se gryslys geplaas. Die FATF druk vir strenger internasionale finansiële monitering ten einde geldwassery en terrorisme-finansiering te probeer keer. Die strenger aansoekproses by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) om goedkeuring vir internasionale oordrag van geld (AIT) te kry, is deels die gevolg van die FATF se druk.

'n Besluit is in September 2024 deur die lande in die gemeenskaplike monetêre gebied (GMG – Suid-Afrika, Namibië, Lesotho en Swaziland) geneem om aan internasionale standaarde te voldoen wat bedoel is om geldwassery te bekamp. Vanaf 30 September 2024 gaan elektroniese-fondsoordragte, debiet- en kredietbetalings tussen dié lande as oorgrens-transaksies hanteer word en onderhewig wees aan groter omsigtigheidsvereistes. Voorheen is klein betalings as binnelandse betalings hanteer. Hierdie nuwe maatreëls het 'n direkte impak op lede van die Fonds (pensioentrekkers en IFLA-lede) wat hulle pensioen in 'n buitelandse bankrekening wil ontvang. Die PPF poog om direk met die betrokke lede kontak te maak.

Predikante wat nog moet aftree en oorweeg om in die buiteland (selfs ons buurlande) te gaan woon, moet kennis neem dat die betaal van 'n pensioen na die buiteland onderhewig sal wees aan hierdie groter omsigtigheidsvereistes. Maak vooraf deeglik seker van die implikasies.



Sendelinge in die Buiteland / Geloofsbedieninge

LEWENSVERSEKERING VIR PREDIKANTE WAT IN DIE BUITELAND WERK

Die risikoversekering by Sanlam (dit sluit dus die Vrystaatse lede uit) het spesifieke beperkings ten opsigte van lede van die Fonds wat in die buiteland werk. Sendelinge of ander lede van die Fonds wat vir langer as ses maande in die buiteland is, moet via die pensioenfondskantoor vir Sanlam (die versekeraar) laat weet. Sanlam het dan die diskresie om oor die lid se versekerbaarheid te besluit. "Buiteland" sluit ook ons buurlande soos Namibië, Botswana, Zimbabwe, Eswatini, Lesotho en Mosambiek in. Die volledige polisbewoording is op die Fonds se webwerf beskikbaar by Publikasies.

Die Fonds het pogings aangewend om buitelandse predikante op te spoor, maar het ongelukkig nie 'n metode om dit volledig te kan kontroleer nie. Omdat hierdie predikante aan 'n plaaslike gemeente gekoppel moet wees om 'n lid van die Fonds te wees, sien die Fonds net dat Gemeente A 'n paar predikante het. Die onus rus op die gemeente om die pensioenfondskantoor (Elodie van der Walt of Bossie Minnaar) te laat weet dat 'n betrokke predikant in die buiteland werk. Die pensioenfondskantoor sal dan met Sanlam onderhandel oor 'n lid se versekerbaarheid.



DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

'n Predikant wat wil aftree se belastingsake moet in orde wees. Pensioen kan nie uitbetaal word voordat die SAID nie 'n belastingaanwysing gegee het nie. Dit kom dus soms as 'n groot skok as die SAID by aftrede reken dat 'n predikant se belastingsake nie in orde is nie.

Een van die groot probleme is ten opsigte van predikante wat net gekoppel is aan 'n gemeente ter wille van die pensioenfonds. Die predikant het moontlik 'n groep ondersteuners wat geld skenk aan die sendingprojek of -instansie en ook elke maand die pensioenfondsbydraes aan die gemeente betaal en die gemeente betaal dan die pensioenfondsbydraes. Die probleem ontstaan waar die gemeente nie hierdie pensioenfondsbydraes as vergoeding hanteer nie en dus ook nie 'n IRP5-sertifikaat aan die sendeling uitreik nie. By aftrede tel die SAID dan op dat 'n lid 'n pensioen het, maar géén IRP5-bewys het dat die pensioenfondsbydraes deur die werkgewer verklaar is nie. Dit skep probleme vir beide die sendeling én die werkgewer (die gemeente).

Werkgewers moet alle lede vir wie hulle pensioenfondsbydraes betaal as werknemers hanteer en moet 'n IRP5 uitreik ten opsigte van die betalings wat namens die lid en werkgewer gemaak is – selfs al reken die gemeente dat die betrokke pensioenfondsbydraes nie vergoeding is nie, maar bloot 'n deurvloei bedrag.

Gesondheid van die Fonds

Lede van die Fonds vra gereeld hoe dit met die Fonds gaan. Lede vertrou 'n aansienlike belegging aan die Fonds toe en reken daarop om eendag met gemoedsrus te kan aftree. Met hierdie artikel word daar gepoog om te vertel hoe die Fonds vaar.

WAARDE

Die Predikante Pensioenfonds het op 30 September 2024 'n totaal van **R2 564,4 miljoen** (R2,56 miljard) in beleggings gehad. Dit sluit nie die inflasie-gekoppelde annuïteitspolis wat by Sanlam aangekoop is se waarde in nie.

'n Lid was bekommerd of die Fonds genoeg geld sal hê as te veel lede dadelik die saadgeld (R30 000) wil onttrek wat op 1 September 2024 na elke lid se spaarfonds oorgedra is. Die volgende som het gehelp om perspektief te gee: die Fonds het ongeveer 573 lede (ledetal wissel van maand tot maand). As elkeen R30 000 onttrek, is dit saam R17,2 miljoen. Dit is minder as 0,7% van die Fonds se beleggings van R2,56 miljard.

PORTUURGROEP VERGELYKING

Die Beleggingskomitee van die Fonds beskou 'n portuurgroep vergelyking as een van hulle take. Die Fonds se beleggingskonsultant (Willis Towers Watson) is dan ook versoek om by elke vergadering van die Beleggingskomitee 'n portuurgroep vergelyking in te sluit. By die jongste vergadering van die Beleggingskomitee (September 2024) is die langtermyn-portefeulje van die Fonds se opbrengs met die volgende batebestuurders se langtermyn-portefeuljes vergelyk: Allan Gray, Camissa, Coronation, Foord, M&G, Ninety One, Oasis, Old Mutual (OMIG), Sanlam (SIM) en Stanlib.

Oor die afgelope tien jaar was die Predikante Pensioenfonds se langtermyn-portefeulje se opbrengs (9,0% per jaar) **die heel beste**. Coronation het tweede in die ry gestaan met 'n opbrengs van 8,7% per jaar. Oor die afgelope vyf jaar was Coronation (11,6% per jaar) eerste en die Fonds se langtermyn-portefeulje **tweede** met 10,9% per jaar.

Beleggingsportefeuljes



Die Predikante Pensioenfonds bied drie **beleggingsportefeuljes**:

- langtermyn-portefeulje
- konserwatiewe-portefeulje
- inkomstebeskerming-portefeulje


Die drie beleggingsportefeuljes het elkeen 'n eie **doelwit**.

- Die langtermyn-portefeulje poog om inflasie oor 'n rollende agt jaar met 5% te oortref.
- Die konserwatiewe-portefeulje poog om inflasie oor 'n rollende drie jaar met 3% te oortref.
- Die inkomstebeskerming-portefeulje poog om inflasie oor 'n rollende een jaar met 1% te oortref.

Die volgende grafiek toon hoe elke portefeulje oor die doelwit se termyn presteer het **soos op 30 September 2024**. Die groen kolom is die werklike geannualiseerde opbrengs van elke portefeulje oor die spesifieke termyn. Die langtermyn-portefeulje se 9,46% per jaar is dus die geannualiseerde opbrengs oor agt jaar teenoor die inkomstebeskerming-portefeulje se 10,23% per jaar wat die opbrengs vir slegs die afgelope een jaar is. Die pers blokkie is die geannualiseerde inflasie oor die betrokke portefeulje se termyn. Die blou blokkie is die reële geannualiseerde opbrengs (werklike opbrengs minus inflasie). Die geel kolom toon aan met hoeveel persent die betrokke portefeulje die doelwit oor- of onder presteer het.

Die langtermyn-portefeulje is die enigste portefeulje wat nie daarin slaag om die doelwit oor die rollende agtjaar-periode te haal nie. Dit beteken nie dat die langtermyn-portefeulje swak gevaar het nie. Die opbrengs oor die afgelope jaar (1 Oktober 2023 tot 30 September 2024) was **19,79% per jaar**. Die doelwit (5% meer as inflasie oor agt jaar) was net te uitdagend oor die afgelope agt jaar.

Een van die struikelblokke was die beperking op buitelandse beleggings. Fondse kan gelukkig deesdae tot 45% (op fondsvlak) in die buiteland belê. Die langtermyn-portefeulje het tans sowat 46,2% in die buiteland. Plaaslike aandele (CAPI) het oor die afgelope tienjaar-periode 8,2% per jaar gelewer. Buitelandse aandele (MSCI ZAR) het in dieselfde tydperk 14,5% per jaar gelewer. Indien die Fonds voorheen meer geld in die buiteland kon belê het, was dit dalk net moontlik om die langtermyn-portefeulje se doelwit te kon haal.




Bostaande grafiek (opbrengs soos op soos op **30 September 2024**) mag die indruk wek dat die inkomstebeskerming-portefeulje die beste opbrengs lewer. Onthou egter dat die periodes verskil. Die volgende grafiek sal moontlik help om die drie portefeuljes se opbrengste beter te vergelyk. Dit toon die hipotetiese opbrengs van 'n R100 belegging vanaf 1 Januarie 2008 tot **30 September 2024** (201 maande). Let op hoe wisselvallig die langtermyn-portefeulje (pers) is, maar oor tyd wel die ander portefeuljes uitpresteer. Die doel van die grafiek is bloot om die verskil (met gebruikmaking van die werklike opbrengste van die Fonds) tussen die verskillende portefeuljes te illustreer.

Die R100 sou teen 30 September 2024 **R526,38** in die langtermyn-portefeulje gewees het. As die R100 dalk R1 miljoen was, sou dit op 30 September 2024 **R5,26** miljoen gewees het (ensovoorts). Die inkomstebeskerming-portefeulje se groei was meer stabiel, maar oor die langtermyn (hierdie 201 maande) sou R100 net tot **R365,28** gegroei het. Die konserwatiewe portefeulje kies die middelgrond en eindig na 201 maande met **R446,73**.

Let egter daarop dat daar dikwels periodes is waarin die langtermyn-portefeulje effens daal. 'n Lid wat sy of haar fondswaarde op **AF Connect** dophou sal opmerk dat hy of sy in een maand (soos in Oktober 2023) R200 000 of meer kan "verloor". Onderstaande grafiek wys dat die lid ná die "verlies" steeds beter af is as die lid wat 100% in die inkomstebeskerming-portefeulje belê is.

Die konserwatiewe-portefeulje (geel) is ook wisselvallig, maar heelwat minder as die langtermyn-portefeulje. Elke lid se grafiek sal uiteraard verskillend lyk, want nie almal het op 1 Januarie 2008 'n lid geword nie.



Lede kan kies om hulle volle fondswaarde in net een spesifieke portefeulje te hou of in enige kombinasie van hulle keuse. Sien volle besonderhede, as ook die vorm wat voltooi moet word, op die PPF se webwerf

Drie bonusse vir pensioentrekkers

Die Nuusbrief van 2023 het reeds verduidelik dat die Fonds in April 2023 'n inflasie-gekoppelde annuïteitspolis by Sanlam in die naam van die Predikante Pensioenfonds aangekoop het. Hierdie polis bring groot verligting vir die Fonds se pensioentrekkers. Sanlam waarborg die huidige pensioene én waarborg jaarlikse pensioenverhogings (vanaf Januarie van elke jaar) van 100% van die verbruikers-prysindeks.

'n Tweede groot voordeel van die polis se aankoop was dat dit uiteindelik minder gekos het as wat beskikbaar was in die pensioentrekkers se rekening. Die Beheerliggaam het gevolglik besluit om 'n bonus, gelykstaande aan een volle maand se pensioen, in Desember 2023 aan elke pensioentrekker te betaal.

'n Tweede bonus, weer eens gelyk aan 'n volle maand se pensioen, is in April 2024 betaal. By die laaste vergadering van die Beheerliggaam (30 Mei 2024) het dit gebyk dat die Fonds 'n derde bonus, steeds gelyk aan 'n volle maand se pensioen, aan elke pensioentrekkers sal kan betaal. Dit is in Augustus 2024 betaal.

Die Beheerliggaam waardeer die talle e-posse en WhatsApp-boodskappe van dank wat telkens van die pensioentrekkers ontvang is. In Augustus 2024 skryf een lid: *“Ek wil namens ons pensioenarisse 'n groot DANKIE sê vir die derde bonus binne een jaar! Ek glo dat die Beheerliggaam net die hande is wat Ons Vader gebruik om die groot seën wat Hy vir ons beplan, deur te gee. Mag Hy julle seën en vreugde gee in wat julle doen. Vir my wat op die kantlyn staan, is dit nie elke keer duidelik wat die groot besluite behels nie, maar daarom is ek so dankbaar dat mense wat weet wat hulle doen, nou die besluite namens ons kan neem. Ons bid vir julle dat die Here julle sal seën met wysheid op die pad vorentoe.”*

In Memoriam

Sedert die vorige Nuusbrief (Augustus 2023) het talle pensioentrekkers, twee IFLA-lede en 'n dienende predikant te sterwe gekom. Elke sterfte bring mooi herinneringe aan predikante en hulle gades wat oor dekades heen in gemeentes gearbei het. Saam met die familie en kennisse eer ons die nagedagtenis van hierdie ontslape lede van die Fonds.

Enkele van ons oudste pensioentrekkers het in die afgelope jaar gesterf: mev Bessie Keet was reeds 104 jaar oud, mev Blanche Struwig was 100 jaar oud en ds David Botha was 99 jaar oud. 2 Korintiërs 4: 17-18 troos ons: *“Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlijkheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.”*

Die volgende pensioenfondslede het in die afgelope jaar gesterf. Die sterfdatum word in hakies gegee.

Ds Jacob Francois Van Wyk (02/08/2023)
Mev Martha Johanna Maass (03/08/2023)
Mev Helen Paulina Mary Grant (28/08/2023)
Mev Alberta Bester (23/09/2023)
Mev Sylvia Johanna Nel (24/09/2023)
Mev Martha Elizabeth Vos (25/09/2023)
Mev Fransiska le Roux (14/02/2024)
Mev Blanche Struwig (26/02/2024)
Ds Daniel du Toit van der Merwe (27/02/2024)
Mev Margaret Linde (23/03/2024)

Ds Stefanus Albertus (Steph) Esterhuizen (05/05/2024)
Mev Susanna Elizabeth Janse van Rensburg (24/05/2024)
Ds David Petrus (David) Botha (26/05/2024)
Ds Jan Johannes Frederick (Jan) Mettler (28/05/2024)
Mev Maria Catherina Human (07/07/2024)
Ds Petrus Jacobus Johannes (Pieter) Franzsen (18/07/2024)
Mev Elizabeth Keet (21/08/2024)
Mev Margarita Louisa Weidemann (28/08/2024)
Ds Lucius Dreyer (08/09/2024)
Mev Anna Elizabeth Terblanche (19/09/2024)



Daar is ook twee IFLA-lede (in-fonds lewende annuïtante) wat gesterf het:

- Dr Cornelius Breda (Breda) Ludik, voorheen van Helderberg, 07/09/2023 (68).
- Ds Johannes (Johan) Oosthuizen, voorheen van Vosburg en Tadcaster, 20/02/2024 (68).

Een dienende predikant het gesterf:

- Ds Stephanus (Fanie) Spamer, voorheen van Reddersburg, 05/04/2024 (63).

Beskermingsdiens



Lede wat aftree en besluit om 'n eksterne annuïteitsprodukt aan te koop, is soms onseker of hulle die regte besluit neem. Alexforbes bied nou 'n beskermingsdiens aan lede van die Predikante Pensioenfonds om objektief na die spesifieke produk en die koste daarvan te kyk. Die lid kan die voorstel, soos dit aan die lid voorgelê is, aan Alexforbes stuur. Teen 'n koste van R1 000 plus BTW (dit wil sê R1 150,00) sal Alexforbes die voorstel objektief beoordeel en aan die lid verslag doen. Kontak die Hoofbeampte (ds Bossie Minnaar) oor hoe om die diens aan te vra. E-pos: bossie@kaapkerk.co.za

Die Beheerliggaam

Die Fonds se Beheerliggaam bestaan uit 21 trustees. Elke sinode het een werkgewer aangewese trustee lid en een trustee lid wat deur die lede verkies is. Die pensioentrekkers en die IFLA-lede kies ook elkeen 'n trustee lid. Die Wes-Kaap het egter ses verkose trustee lede en die werkgewer (die Moderamen) wys vyf trustee lede aan. 'n Trustee se termyn strek oor vier jaar.

Die FSCA vereis dat elke lid van die Beheerliggaam 'n kursus (die FSCA Toolkit) moet slaag. Dit bestaan uit 22 modules en 22 toetse. Die Fonds is dankbaar dat **81%** van die Trustees reeds die FSCA-sertifikaat ontvang het.

WERKGEWER AANGEWSE LEDE

Wes-Kaapland (Mei 2023 – 30 April 2027): mnr Werner Jordaan, mnr Jan Kotze, mnr Jan Swanepoel, mev Maré van der Merwe en mnr Christian van Schalkwyk.

Noord-Kaapland (Oktober 2022 – 30 September 2026): ds Christo Jonck.

Oos-Kaapland (November 2023 – 31 Oktober 2027): ds Danie Mouton.

KwaZulu-Natal (Junie 2024 – 31 Mei 2028): ds Pieter Grobler.

Vrystaat (September 2021 – 31 Augustus 2025): dr Leon Foot.

VERKOSE LEDE

Wes-Kaapland (Mei 2023 – 30 April 2027): ds Eugene Malan, ds Jampie Nel, prof Nelus Niemandt, ds Monty Sahd (voorsitter), ds Lenois Stander en dr Johan van den Heever.

KwaZulu-Natal (Junie 2024 – 31 Mei 2028): ds Petrus Botha.

Noord-Kaapland (Oktober 2022 – 30 September 2026): ds Melt Loubser.

Oos-Kaapland (November 2023 – 31 Oktober 2027): ds Jurie Pretorius.

Vrystaat (September 2021 – 31 Augustus 2025): mnr Adriaan de Ruiter.

Pensioentrekkers (Mei 2023 – 30 April 2027): ds Christo Alheit.

IFLA-lede (1 Mei 2023 tot 30 April 2027): ds Charl Stander.

Die Beheerliggaam het verskeie subkomitees. Hierdie komitees word aangevul met kundige persone wat 'n waardevolle diens aan die Fonds lewer. Die Hoofbeampte (ds Bossie Minnaar) is ex officio lid van al die komitees.

Beleggingskomitee: mnr Johan de Villiers, dr Leon Foot, prof Niel Krige, ds Melt Loubser, mnr Robert Roux, ds Monty Sahd, ds Charl Stander (voorsitter) en mnr Christian van Schalkwyk.

Oudit- en risikokomitee: mnr Jan Kotze (voorsitter), ds Monty Sahd, ds Charl Stander, mev Maré van der Merwe en mev Annerina Viljoen.

Kommunikasiekomitee: ds Eugene Malan, ds Danie Mouton, ds Jampie Nel en ds Lenois Stander.

Komitee vir sterftevoordeelbetalings: ds Petrus Botha, ds Monty Sahd, mnr Jan Swanepoel en die konsultant van Alexforbes.



Addisionele vrywillige bydraes tot die Fonds

Vanaf 1 Maart 2016 is werkgewer- en werknemerbydraes tot 'n aftreefonds, wat bydraes tot annuïteite insluit, tot en met 27,5% van 'n lid se belasbare inkomste kwytkeskel van inkomstebelasting. Die bedrag kwytkeskel van belasting word egter beperk tot R350 000 per jaar. Lede word aangemoedig om addisionele, belastingvrye en vrywillige bydraes tot die Fonds te maak. Ekstra bydraes maak 'n groot verskil aan 'n lid se fondswaarde by aftrede. Addisionele bydraes kan in 'n enkelbedrag gedoen word en direk by Alexforbes inbetaal word. Kontak Elodie van der Walt (pensioen@kaapkerk.co.za) vir die prosedure. Die onus rus dan op die lid om belasting met die SAID uit te klaar.

Die ander moontlikheid is om maandeliks 'n ekstra bydrae via die werkgewer te laat betaal. Ongeveer 120 lede maak reeds van hierdie opsie gebruik en belê maandeliks gesamentlik meer as R300 000 in hulle pensioen. In Maart 2024 was die addisionele bydraes R794 022,42. Die werkgewer word versoek om maandeliks 'n ekstra bedrag as 'n pensioenfondsbysdrae af te trek. Die lid kry onmiddellik die belastingvoordeel. 'n Lid met 'n marginale belastingkoers van 31% kry dadelik R310 op elke R1 000 pasella vanaf die SAID. Dit beteken die werkgewer trek R1 000 af om aan die Predikante Pensioenfonds oor te betaal, maar die lid se netto salaris is net R690,00 minder.

Vals aftredes – ernstige gevolge



Lede (jonger as 65) met groot finansiële probleme (gelukkig baie min) oorweeg dit soms om te bedank as werknemer van 'n gemeente met die doel om sy of haar volle fondswaarde in kontant te neem en dan dadelik weer by dieselfde gemeente in 'n vastetermyntontrakpos aangestel te word.

'n Lid kan wel bedank by 'n werkgewer (gemeente). Hierdie lid kan dan die geld in sy of haar spaarpot en oupot onttrek (tot kontant maak), maar sedert 1 September 2024 moet die geld in die aftreepot tot en met aftrede bewaar word. Die belasting op die kontantonttrekking by bedanking is heelwat hoër as by aftrede.

'n Lid wat bedank het by 'n spesifieke gemeente mag egter nie weer dadelik by dieselfde gemeente as 'n predikant begin werk nie. Alexforbes verduidelik in Engels: *The practice of participating employers allowing members to resign from employment just to get their fund benefit and then immediately rehiring them is known as **false job terminations, fake resignations** or **technical resignations**.*

- *Allowing access to retirement savings withdrawal benefit through artificial resignation could have serious implications for **both the Fund and the participating employer's scheme**.*
- *SARS views this type of transaction as **a serious violation** of the provisions of the Income Tax Act.*
- *It could result in SARS **revoking the income tax approval** of the Funds or of the special rules of the participating employer, or of both.*
- *To prevent such income tax approval being revoked, the employee's fund membership will have to be fully reinstated, as if such artificial resignation never took place. This means the member will have to repay in full the withdrawal benefit paid to them.*



Keerdatums

Alle veranderinge aan die maandelikse bydraes tot die Fonds (veranderinge soos 'n bydraevlak wat gewysig word, 'n nuwe toetrede of 'n aftrede of 'n lid wat in die huwelik tree) moet voor of op die **sesde werksdag** van die betrokke maand by die pensioenfondskantoor wees. Dit is gewoonlik so teen die tiende van 'n maand, maar word deur openbare vakansiedae en naweke beïnvloed.

Onthou ook dat die pensioenfondskantoor net soggens oop is.

Voorbeeld: 'n Kennisgewing wat die oggend van 8 Augustus 2024 ontvang word, sal die debietorder van 25 Augustus nog betyds kan wysig. Indien die kennisgewing eers die middag van 8 Augustus gestuur word, sal die ou debietorder nog geld, want die langnaweek maak dat die pensioenfondskantoor eers op Maandag 12 Augustus weer oopmaak. Dan is dit te laat om die debietorder te wysig.